

Gepubliseer op:

Deur Christus Alleen

Tuisblad van dr. A.H. Bogaards

www.enigstetroos.org



Die geboortegesiedenis van Isak

Reeks preke oor die openbaring van die HERE se verbond en uitverkiesing in die geboortegesiedenis van Isak

Dr AH Bogaards

2012

Preek 6

Lees: Gen.29:1-30:24

Teks: Gen.29:35 (Isak: nr.6)

Datum: 13 Februarie 2013

Psalms: Ps. 33:1 tot 3; Geloofsbelydenis SKRIFBERYMING 27; 25:1,2; 33:5,6; 146:1,8

1. Inleiding

Die kerk is uitsluitlik 'n wonder van die HERE. Dit is geen mensewerk nie, maar alleen God se werk in Christus.

Die kerk word gebore deur die evangelie. Ondanks menslike swakheid en ten spyte van menslike sondes, kom die kerk tot stand en word die Godsvolk, die skare wat niemand kan tel nie, gebore. Nee, dit is nie danksy menslike doen en late nie. Inteendeel, juis dwarsdeur en ondanks menslike sondes werk die skeppende krag van God se beloftewoord en so, danksy sy werk, danksy sy Woord, mag ons die *genesis*, die *geboorte* van die Godsvolk, aanskou. En óók: alleen deur en danksy en met daardie Woord alleen kan en sal die kerk vir die wêreld tot 'n seën wees.

Daarom is ook vandag niks belangriker in die kerk as die Woord van God nie.

Aan die hand van twee punte wil ek vandag by ons hoofstukke stilstaan:

1. Die werke van die kerkmens; en
2. die werk van die HERE

2.1. Die werke van die kerkmens

As 'n mens gaan kyk na die geskiedenis van die kerk, na wat *mênse* in die kerk doen, kan jy net vra: Hoe op aarde kan daar nog 'n kerk wees? Hoe sal daar ooit, môre en oormôre, nog 'n kerk wees? As jy dink aan die dwaalleer wat in ons tyd opskiet soos paddastoele, as jy die gebrek aan eenheid aanskou en die liefdeloosheid, word jy soms wanhopig en voel jy: So sal daar môre niks meer van die kerk oor wees nie.

Van die heel vroegste tye was daar in die kerk probleme op probleme. Ek noem maar een voorbeeld uit die baie:

- die gemeente van **Korinte**: Iemand noem dit Paulus se probleemgemeente. En was daar nie probleme nie! As jy dit alles hoor, slaan jy jou hande saam en sê: Hoe kan die kerk voortbestaan as dit so gaan? Om maar enkele dinge op te noem: In die gemeente het daar laksheid ten opsigte van die tug ingesluip: Hoerery van so 'n aard as wat selfs onder die heidene nie bekend was nie, is tugteloos verdra (1Kor.5:1ev); die teer gevoelens van hulle wat nog jonk en swak in die geloof was, is nie in aanmerking geneem nie (1Kor.8:1ev); verder het valse apostels vrugbare grond in die gemeente getref (2Kor.11). Nie alleen die lewenswandel nie, maar ook die leer in die kerk het nie goed daar uitgesien nie.

En nou het ons vandag gelees van die huwelikslewe van Jakob. Wat 'n onverkwiklike geskiedenis! En om dan te dink dat dit hier nie gaan om die totstandkoming van 'n gewone volk nie, maar die Godsvolk, die kerk!

Jakob, die bedrieër, word self bedrieg en in plaas van sy geliefde Ragel, kry hy Lea. Uiteindelik gee Laban ook wel Ragel aan hom. Die hele res van die verhaal is een van onderlinge stryd:

- Lea is die nie-geliefde, maar die HERE sien haar ellende aan en vier seuns word gebore. In die name van die eerste drie – Ruben, Simeon, Levi – spreek sy haar verdriet uit oor haar verstoting en haar verlange na die liefde van haar man. Eers in die naam Juda word haar klag verdring deur haar vreugde in die HERE: Juda! "Dié keer sal ek die HERE loof".
- Ragel daarenteen bly onvrugbaar en Lea se kinderseën maak haar ontsaglik jaloers. Daarom gee sy, volgens die gewoonte van daardie tyd, haar slavin aan Jakob. Lea, wat intussen opgehou baar het, doen dan dieselfde.

- En dan is daar ook nog die tragiese verhaal van die liefdesappels: Lea "huur" haar man vir liefdesappels, en sy ontvang nog kinders.
- Uiteindelik word ook vir Ragel 'n kind gebore.

SO groei Jakob se gesin en so kom Israel tot stand. Maar vanuit menslike oogpunt moet ons sê: ***Israel is uit haat en nyd gebore.***

Ja, as jy jou vasstaar in mense en hulle dinge, het jy meer as genoeg rede om te sê: Is dit nou die kerk? En verder: Van die kerk en van kerkgroei sal daar heeltemal niks teregkom nie.

Mensewerk, mensekrag, Jakob is sy indrukwekkende krag (Genesis 29:10) en beplannings en lis kan dit nie doen nie.

Maar dan sien ons met die oog van die geloof ook nog iets anders:

2.2. Die werke van die HERE

Ons sal die ontstaan en die voortbestaan van die kerk eers dan werklik begryp, as ons dit sien teen 'n ander agtergrond.

Die agtergrond hier in Genesis is die droom van Jakob in Bet-el: die leer wat hy toe gesien het en God wat bo-aan staan en sy belofte van 'n groot volk aan Jakob gegee het. **Dit was die Woord van God wat tot Jakob gekom het, Godsopenbaring, Openbaring van way HY gaan doen, sy werk, uitgespel in sy beloftewoord.** Daardie Godsopenbaring vorm die geheim van hierdie geboortegeskiedenis van die kerk. Dit verklaar alles. Dit wil ek graag in die vervolg verduidelik.

In daardie droom het die HERE onder andere vir Jakob gesê: ***... jou nageslag sal wees soos die stof van die aarde, en jy sal uitbrei na die weste en ooste, en na die noorde en suide.*** Dit is daardie Woord wat u hier in Genesis 29 tot 30 aan die werk sien. Die kinders van Jakob word gebore deur die krag van God se beloftewoord. Dwarsdeur menslike sonde heen bring Hy 'n kerkvolk in die wêreld. Dit is alleen danksy Hom en danksy sy Woord. Die HERE self is hier besig om sy Woord waar te maak.

As jy na mense en hulle doen en late kyk, soos dit hom hier voor ons oë afspeel, die verterende jaloesie en die liefdeloosheid, dan moet jy onwillekeurig die vraag vra: Hoe kan God sy beloftes van 'n groot volk aan sulke mense vervul? En dan is daarop weereens net een antwoord: **die droom. En meer spesifiek: die Jakobsleer, daardie trap wat Christus afbeeld.** Danksy Christus is daar 'n verbinding tussen hemel en aarde en danksy die

soenverdienste van sy Seun kan God ook sy beloftes in vervulling laat gaan. Christus is die geheim van die geboorte van Lea en Ragel en Bilha en Silpha se kinders.

Die kerk is so dood as wat maar kan kom: dood in die misdade en die sonde. Dit is die doodsreuk van die sonde wat ons gewaar in die nyd van Ragel en Lea. Maar.

***Die HEER se Woord is skeppingsmagtig,
wat lewe uit die dood gebied....*** (Ps.33:5, berymd).

Ons het hier absoluut te make met geboorte van bo-af: Godsgeboorte, geboorte wat Hy skenk. Die genesis van die kerk is van begin tot einde die werk van die HERE en geen mensewerk nie. Dit is skepping uit niks en geboorte uit die dood.

In dieselfde evangelie, die evangelie volgens Johannes, waar Christus sê dat Hy die Jakobsleer is – in daardie selfde evangelie en in daardie selfde hoofstuk lees ons: ***Maar almal wat Hom (Christus) aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo; wat nie uit die bloed of uit die wil van die vlees of uit die wil van 'n man nie, maar uit God gebore is***" (Joh.1:12-13). Die kerk het nie sy geboorte te danke aan die wil van 'n man of die werk van 'n mens nie, maar dit is uit God gebore. Kom ek vertaal dit maar so, dan hoor u ook iets van die oorspronklike: uit God ge-genesis, bebore.

Maar nog is ons nie klaar met die wonders van God in hierdie geskiedenis nie. Dit is wonder op wonder, 'n opeenstapeling van genadewonders, van onverdiende genadegeskenke van die HERE. Want luister maar: Hierdie gesin van Jakob, hierdie kerk van Genesis - dis 'n graf van jaloesie en 'n doderyk van nyd. En tog, en tog gaan die Christus uit hierdie volk gebore word.

Daar kan niks goeds uit so 'n volk gebore word nie. So oordeel ons as mense. En dit is waar. Ten minste, as dit van mense alleen afhang. Maar hier gebeur iets anders. Uit hierdie volk wordtog, tog iets goeds gebore. Nee, o nee, nie danksy hulleself nie. Hoe dan? Deur die krag en die wonder van God se beloftewoord. Want in die droom belowe die HERE aan Jakob: ***...in jou en jou nageslag sal al die geslagte van die aarde geseën word*** (Gen.28:14). Dit beteken: Uit hierdie volk die Christus gebore sal word. Ja, so diep het die HERE Hom na ons toe neergebuig dat sy Seun uit so 'n volk gebore sou word. En juis daarom sal die kerk vir die wêreld tot 'n seën wees: omdat dit die Christus het. En in die verkondiging van die Christus sal ons 'n seën wees en so alleen en op geen enkele ander manier nie. Kan daar iets goeds uit Nasaret voortkom? Nee en ja: Nee, uit onself kan daar heeltemal niks goeds voortkom nie.

Maar, ja, danksy die beloftewoord van God wel. En deur die beloftewoord van God, danksy sy beloofde Seun, kan ons vir die wêreld tot 'n seën wees.

Na die geboorte van haar vierde seun, jubel Lea: ***Dié keer sal ek die Here loof. Daarom het sy hom Juda genoem.*** Die volle betekenis van haar eie woorde het sy waarskynlik nie begryp nie, maar ons weet: Uit Juda sou later die Christus gebore word. Lea, die nie-geliefde het God uitgekies om oorgrootmoeder van sy geliefde Seun te wees. Ja, ***wat onedel is by die wêreld en wat verag is, het God uitverkies, en wat niks is nie, om wat iets is, tot niet te maak, sodat geen vlees voor Hom sou roem nie*** (1Kor.1:28-29). God werk volgens ander maatstawwe as ons.

3.Slot

Ons kan die kerk nooit anders sien as 'n wonder van God nie. Dit word gebore deur die wonder van sy Woord . ***En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon—en ons het sy heerlijkheid aanskou, 'n heerlijkheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom—vol van genade en waarheid*** (Joh 1:14).

Aan die begin van die geskiedenis sien ons Jakob - die mens - in sy groot krag: 'n Werk wat 'n paar mense moes doen, doen Jakob alleen: ***Hy rol die klip weg van die opening van die put, en hy laat die vee drink*** (Gen 29:10). Maar die krag en die lis en die planne en die werke van Jakob werk niks uit in hierdie geskiedenis nie. Dwarsdeur alles heen sien ons hoe die krag van die Woord werk en sien ons die HERE werk en doen wat ***Hóm*** behaag.

Jakob sal gebreek moet word in sy menslike krag en sal moet leer om te steun op die Woord alleen. Daarheen lei hierdie geskiedenis uiteindelik. Dit sal ons nog sien.

AMEN